Publication: Burger,Die(Wes-Kaap) (Sport)
Publication Date: 07 Apr 2017
Page: 15

AVE: 17062.14
Circulation: 42363
Part: 1 of 1

# Alle oë die naweek op SA se jeugtalent

**Wim Pretorius**

Die Suid-Afrikaanse jeug- en junior atletiekkampioenskap vind vandag en môre in die Groenpunt-stadion in Kaapstad plaas, met ondersteuners wat moontlik 'n paar wêreldgehaltetye kan beleef.

Die aandag sal grootliks wees op die Tuks-trio, Clarence Munyai, Gift Leotlela en Zokwakhana Zazini, wat sal hoop die wind tel in hul guns.

Dié drie atlete het reeds 'n Wêreld-jeugrekord en twee Suid-Afrikaanse junior rekords agter hul name.

Munyai en Leotlela sal mekaar waarskynlik môre in die eindronde van die 200 m die stryd aansê.

Munyai het reeds vanjaar 20.10 sekondes gehardloop om 'n nasionale junior rekord op te stel met sy tyd wat op vier na die vinnigste tot dusver in die ouderdomsgroep is.

Hy het verlede week op die Varsity-byeenkoms by Tuks die wenstreep in 20.25 oorgesteek.

Volgens dié blits wat nog op skool is, kan hy nog heelwat vinniger.

"Een van my grootste doelwitte vanjaar is om net die tweede junior atleet te word wat in die 200 m onder 20 sekondes kan hardloop."

Usain Bolt is die ander. Hy het op junior vlak 'n rekordtyd van 19.93 in dié nommer gehardloop.

Leotlela spog met die nasionale junior rekord in die 100 nadat hy 10.12 gehardloop het, maar het besluit om nie vanjaar sy titel in dié nommer te verdedig nie en eerder net sy staal in die 200 te toon.

Volgens Hennie Kriel, Leotlela se afrigter, sal die jong spoedvraat eerder oor twee weke sy slag in die 100 op die senior kampioenskap in Potchefstroom gaan wys.



**Die jong blits Zokwakhana Zazini op pad na 'n oorwinning vroeër vanjaar in die 400 m-hekkies. Hy sal die naweek sy slag wil wys op die Suid-Afrikaanse jeug- en junior byeenkoms in Kaapstad.**
Foto: TUKS SPORT

"Hy is ook van plan om die 200 op die SA byeenkoms te hardloop. Dit beteken as alles volgens plan verloop, sal hy dan ses wedlope in twee dae hardloop. So dit is belangrik om seker te maak hy is nie uitgebrand voor die kampioenskap nie."

Leotlela se beste tyd in die 200 is 20.47.

Hy het verlede jaar die silwermedalje in dié nommer op die Wêreldkampioenskap in Pole verower.

Benewens Munyai en Leotlela sal Zazini ook in die 400-hekkies in aksie wees.

Hy het tydens die Noord-Gautengse byeenkoms 'n wêreldrekord vir jeugatlete opgestel toe hy in 48.84 gewen het.

Hy het ook die 400 – in 46.20 – op die Suid-Afrikaanse skolebyeenkoms gewen.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.